



TOULEIER



Ek moet skielik leer Spaans praat

Hoofstuk 3 Deel 10

Soos gewoonlik sluit Kamermaatjie haar na so drie weke by my aan en ons eerste prioriteit is om die beroemde Toba-meer te besoek. Die meer het sy ontstaan te danke aan 'n reusagtige vulkaniese uitbarsting en is omgrens met die lodregte walle van amper 100 meter van die kaldera wat gevorm is met die terugsakking van die aarde na die uitbarsting.

Nadat ons 'n baie nou paadjie na onder gevolg het, doen ons by een van die talle vissersdorpies aan wat langs die meer se rand geleë is. Hier sien ons vir die eerste keer die eieardige gewoonte van die meermense om nie net hul houthuise op stelte te bou nie, maar ook in die vorm van 'n boot. Apart van elke huis is daar ook 'n kleiner bootvormige struktuur en by verdere ondersoek blyk dit dat dit die 'woning' is van afgestorwe familieledes! 'n Mens wonder onwillekeurig of hierdie nie dalk nasate van oorlede oom Noag is nie.

Na 'n rit op die meer het ons die markie in die dorp besoek en die gebruikelike aandenkings aangeskaf. Die Toba-meer se mense is nogal vernuftig met bamboesprodukte en daar pryk vandag nog 'n bamboespenhouer en self n bamboespen op my lessenaar. Albei is versier met mooi prentjies en patroontjies wat in swart ingebrand is op die geel agtergrond van die bamboes.

Hoewel Indonesië hoofsaaklik 'n Moslemland is, laat hulle mens darem toe om steeds daardie slegte gewoontes van ons Westerlinge te beoefen en langs die strand by 'n straatkafée kon ons saam met heerlike vis vars uit die meer gevang, elkeen 'n Bintang-bier bestel. By die gewone sinsnedes wat ons gewoonlik in nuwe lande aanleer soos 'Goeiemôre' en 'Hoe gaan dit?' is daar altyd die noodsaaklikheid om korrek bestel wat jy wil drink. Andersins kan jy jou lelik vasloop in die lokale variasies en konkoksies. Glo my, dis waar van Korea tot in die Amasone. Dis ook so warm in die trope dat 'n mens sommer gou-gou leer om te vra vir '*satu lagi*' wat doorgewoon beteken 'nog een' in Bahasa Indonesië.

Soos die noodlot dit dan toe ook wou hê, kom kuier my baas met die slegte tyding dat die Koreane en Japannese net nie tot 'n vergelyk gaan kom nie en dat ons dienste nie langer nodig is vir die beslegting van hul eise vir onvoorsiene grondtoestande nie. Dis die brood en botter van konstruksie maatskappye. Hulle moet noodgedwonge weens kwaai mededinging lae tenderpryse insit en dan later hulleself wend tot sulke eise om winste te kan toon aan die einde van die kontrak.

Dan kry jy nog bykomende aasvoëls soos ons sogenaamde eksperts wat invlieg om te kom raad gee oor hoe onvoorspelbaar die kondisies nou eintlik werklik kan wees as jy net jou huiswerk doen oor die huiswerk wat die kliënt nie gedoen het nie. Naar, maar waar.

Terug in Hongkong soek my baas en ek naarsstigtelik vir my nuwe werk. Gelukkig lees my kontrak dat hy my moet betaal al het hy nie vir my werk nie. Na nog 'n maand of twee van vakansie in hierdie wonderlike wêreldstad, waartydens ons die oorhandiging van Hongkong aan Sjina belewe het, kontak 'n geotegniese firma my uit Johannesburg. Hulle het werk vir my in Suid-Amerika! Kan ek dadelik kom en kan ek Spaans praat? Wat julle wáár kry, laat ek hulle terug weet. Fanagalo ja, Spaans, No Señor!

Min het ek geweet dat ek binne 'n week of twee, sou moes gaan leer hoe om '*una cerveza mas, por favor*' te sê wanneer ek my volgende bier sou wou bestel.

Hennie Greeff

UITGEWER

Onrusrivier

pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Boeta, was hulle VERKEERD! (11)



"Wanneer die Paryse skou van 1878 ten einde loop, sal dit ook die einde van elektriese lig wees." - Prof Erasmus Wilson van

Afrikaanse woorde wat erg leuk klink

Heelparty Afrikaanse omgangswoorde klink vreemd vir Nederlanders. Hulle het hulle natuurlik lankal - net soos baie Afrikaners! - oorgegee aan die vryelike gebruik van Engelse woorde:

1. **Loslyf:** "Hy's 'n regte loslyf, kyk net flankeer hy met die meisies én die knape." Flirten met jongens én meisies, zo losbandig zien we ze niet vaak.
2. **Amperbroekie:** Vrouwen weten heus wel dat ze een erg klein broekje aan hebben als ze die ochtend een string uit de kast gepakt hebben.
3. **Skootrekenaar:** of het nou een MacBook of een Asus is - zo noem je je laptop. Omdat je 'm op schoot kunt zetten en ermee kunt schrijven. En rekenen.
4. **Inmandjie:** Emails en berichten vind je terug in je inmandjie. Lees: je inbox.
5. **Bromponie:** Lekker brommen op je bromponie klinkt misschien niet zo stoer, maar is het wel. Een bromponie is namelijk een scooter.
6. **Riller.** Een eng boek of een enge film ga je van rillen. *Thriller* it is.
7. **Prikkelpoppie:** Want uiteindelijk is dat wat pin-up girls met je doen, nietwaar?
8. **Loslappie:** ... zeker als je vrijgezel (loslappie dus) bent!
9. **Verkleurmannetjie:** Dit dier past zich aan aan zijn omgeving en verkleurt daarom nogal vaak: een kameleon.
10. **Wegneemetes:** Logisch toch? Iemand zin in een afhaalmaaltijd?



Oom Jan Droëpan sê:
Moenie 'n man vertrou
wat sê hy is baas in sy
huis nie - hy kan ook oor
ander goed ook lieg.

Woorde met 'n Oosterse herkoms

Vanweë die noue verbin-
tenis met Oosterse lande
tydens die VOC-tydperk het
onder meer die volgende
woorde met Maleis, Maleis-
Javaans of Maleis-Portugees
as herkomstaal Afrikaans
binnegekom:

*Aia, amok, amper, baadjie,
baba, baklei, gekko,
ghantang, ghoem, ghoema,
ghoen, ghoeroe, kapok,
katel, katjeepering, kramat,
maai, maaifoedie, moesoek,
moses, nonna, nooi,
orangoetang, paaie, panga,
pê, pondok, sambok,
sambreel, tamaai.*



**Pres.
Harry
Truman**

My keuses in die lewe was
om óf 'n klavierspeler in 'n
bordeel óf 'n politikus te
wees. Om die waarheid te
sê, daar is nie veel van 'n
verskil nie."
*Amerikaanse president,
1945-1954*

**"Die beste argument teen
demokrasie is 'n kort gesprek
met die gemiddelde burger."**



- Sir Winston Churchill

Duskantlander in Anderkantland

Swartpiet maak 'n plan

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

Gertruida is 'n spierwit ganswyfie met die mooiste blou oë en 'n raasbek wat my wakker gil sonder dat die hoenderhaan sy beurt kry. Net na sesuurse wintersoggend kom als in rep en roer op onse Klipwerf. 'n Tydskakelaar druk die sproeiers oor die grasperk in gelid soos soldaatjies en die nat grondreuk laat jou na reën verlang.

Ouma bêre 'n reënboekie in haar kamer. Jaar vir jaar word reënmeterlesings in ouma se reënboekie met potlood neergepen; datum en millimeter. Jare lank bly ouma geheimsinnig oor haar reënboekie. As kind het ek dit net een keer onder oë gehad, en daar was baie meer syfers en aantekeninge as net reënmeterlesings daarin. Goete soos geboortedatums, troudatums en volle doopname van verlangse familieleden staan ook daarin opgeteken.

Matteas is net na ligdag aan die gang. Melkkanne word uitgewas, bindrieme styfgetrek, koeie uitgemelk en skaap word uit die kraal geja. Hoenders word gevoer en eiers word uitgehaal en mis uitgegee. Mens hoor die melkammer se klingel en Matteas se gefluit; die en daai kant van die werf.

Hier is 'n hele bondel opgewonde honne wat nie kan wag totdat die orige leksektjie warm melk vir hulle uitgegooi word nie. Dan word daar 'n draai gestap, langs die lyndraad af, dam se kant toe. Hierdie gestappery is beslis die hoogtepunt van die honne se oggend. Die okkasie word met 'n malkop geblaffery aangekondig en hulle trek weg met bokspronge en hol stofstrepe tot anderkant die klipmuur waar hulle my nie meer in sig het nie. Dan kom een vir een en hardbop so sirkel om my te kom haal.

Net anderkant die draai kom Swartpiet met sy donkies en donkiekar my tegemoed gestap. Hy ry self nie bo-op nie want die hele donkiekar staan vol melkkanne. Swartpiet maak sy bestaan deur varsmelk te smous onder 'n koelteboom langs die hoofpad. Vanoggend is daar beslis iewers 'n slang in die gras. Hy groet skaars voordat hy lostrek en met 'n kiesvol pruimtwak verduidelik hoe die goewerment 'n hardwerkende mens se lewe opvark.

Swartpiet moet deesdae onderdeur 'n nuwe laagwaterbrug sukkel om sy donkies en donkiekar se melkvrug met die kortste pad by die hoofpad te kry. Voorheen het die grondpad en vlei daardie area modderig en besaai met klip so te sê onbegaanbaar gelaat. Sels viertrekbakkies het al in daai klip-en-modder driffie vasgeval. Sommige dae het Swart-Piet en sy donkies so gesukkel om deur die drif te kom dat die melk staat en suur word het op daai donkiekar lank voordat hy by die grootpad uitkom. So maand gelede het die paaiedepartement 'n nuwe laagwater onder brug opgerig en die grondpad bo-oor gestoot.

Swartpiet vertel beswaard dat die nuwe brug net 'n dure beslommernis vir hom in die lewe veroorsaak het. Oor daai nuwe sementbrug het die poliëste hom kom arresteer en die magistraat het hom 'n wrede boete opgelê vir die kantige beskadiging van staatseiendom.

Swartpiet vertel: "Eerste keer toe die donkies onderdeur die brug moes deurstap, kielie die brug se dak so vat-vat aan die donkiepaar se ore. Slaat en stoot soos ek wil, maar daai ore bly te lank en my donkies wil nie kop laat sak of deurstap nie. Toe maak ek 'n Nama-plan en kap die nat sement weg met die donkiekar se wielspanner. Sien; kap bietjie van die brug weg om virri donkie se ore plek te maak.

Terwyl ek nog so kap, kom die veediefstal se poliëste daar verbygery en gooi my agterin hulle vëntjie. Reguit dorp toe met my, nog voor tienuur staat ek voor daai dik magistraat. Ek verduidelik en verduidelik van die brug wat te laag is want die donkies se ore kielie en dan wil hulle nie deurstap nie. Maar nee, daai kens magistraat-vroumens sê ek moes die riviersand onder die brug uitgeskep het. "Toe kap sy haar stomp houthamer en beboet my met tweeduisend Nam-dollar."

Hoogs beswaard spoeg Swartpiet 'n natkol pruimtwak vlak voor hom in die stofpad. "My Nooi, wat weet daai platkop-magistraat? Dink hulle ek is simpel? Sels 'n kind kan mos sien dissi my donkies se bene wat te lank is nie – dis hulle ORE wat te lank is!"

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

WAARSKUWING



Moenie viagra opsnuif nie

WAAR IS HULLE?

Die juffrou se graad 1-klas moet die werk van die bord afskryf.

Ewe skielik vlieg Jannie op.

Jannie: "Jufflou, Jufflou myne potlood is weg!"

Die juffie sê vir Jannie:

"Jannie, dis nie myne potlood is weg nie. Dis my potlood is weg, sy potlood is weg, haar potlood is weg, hulle potlode is weg, ons potbde is weg."

Jannie kyk die juffie aan met n plooi op sy voorkop en vra:

"Nou wat se donnel het van al die potlode geweld?"

KORTETJIES

Jy kan 'n vrou se bui aan haar hande meet. As sy 'n vuurwapen het, is sy waarskynlik kwaad.

Ek wil nou nie tegnies raak nie, maar hulle sê alkohol is 'n opbssing.

Daar is sommige vrae waarop daar net een antwoord is: Wyn.



EEN DAG IN IN DIE ARMY

Die sammajoor blaf vir 'n nuwe troep. "Kom hier! Wat is jou naam?"

"John, Sammajoor."

"In watter blerrie army dink jy is jy? Ek noem niemand op sy voornaam nie. Dit lei tot familiariteit en is swak vir dissipline!

"Ek noem my troepe op hul vanne: Nel, Mara's, Potgieter, wat ook al. Is dit duidelik?"

"Ja, Sammajoor."

"Goed. Wat is jou van?"

"Darling, Sammajoor."

"Nou goed, John. Ek wil hê jy moet my met iets help."

As jy die wêreld wil verander, moet jy dit doen voor jy trou.

Daarna kan jy nie eers die TV-kanaal verander nie.

MAERMERRIES

Stefaans besoek die dokter. Tydens die ondersoek merk die dokter op dat sy maermerries potblou gekneus is.

Hy vra: "Sê my, Stefaans, speel jy sokker of hokkie?"

"Nee", antwoord Stefaans, "ek en my vrou speel brug saam met die bure."

**Vroue gaan nooit boos slaap nie.
Hulle bly wakker en beplan hul wraak.**

ANDY CAPP deur Reg Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Ierse uitleg vir Murphy se Wet



**Julle het seker al almal van
Murphy's Law gehoor? Hier
is 'n Ierse storie daaroor!**

Murphy het 'n sny gebotterde roosterbrood op die kombuisvloer laat val en dit eindig toe met die gebotterde kant na bo. Hy was erg verbaas, want hy het geweet die universele wet is dat gebotterde brood altyd met die botterkant na onder val.

Hy storm toe na vader Flanagan met die nuus. Hy vertel om daar het 'n wonderwerk in sy kombuis gebeur: Die vader moet self kom kyk!

Hy lei die vader die kombuis binne en vra hom wat hy sien. "Wel," sê die priester, "dis baie duidelik. Iemand het 'n sny gebotterde roosterbrood op die vloer laat val en iemand het toe die botterkant na bo gedraai."

"Nee, Vader," sê Murphy. "Dit het self met die botterkant na bo geland!"

Vader Flanagan sê toe gebotterde brood val altyd met die botter na onder. "Dit moet 'n wonder... Wag ... dis nie vir my om te sê dis 'n wonderwerk nie, ek sal dit aan die biskop moet rapporteer. Hy sal iemand stuur om 'n onderhoud met jou te voer en foto's te neem."

'n Deeglike ondersoek is gehou, ook deur die aartsdekens en wetenskaplikes van Rome. Geen koste is ontsien nie. Daar heers groot opgewondeheid op die dorp en almal weet die wonderwerk gaan 'n broodnodige toeristelokker wees.

Ná agt lang weke en met groot fanfare kondig die biskop toe die finale bevinding aan.

"Daar het vir seker 'n eienaardige ding in Murphy se kombuis gebeur, iets heeltemal buite die natuurwette van die heelal. Maar ons moet baie versigtig wees om dit 'n wonderwerk te noem.

"Ongelukkig het ons bevind dis geen wonderwerk nie, want ons dink Murphy het dalk die brood aan die verkeerde kant gesmeer!"

Jannie vertel opgewonde in die klas dat sy ouma vir hulle kom kuier.

"En waar bly jou ouma?" vra die juffrou.

"Op die lughawe. Elke keer as ons wil hê sy moet kom kuier, gaan haal ons haar daar. En as sy klaar gekuier het, vat ons haar terug."

Toyota SA het die tegniese fout gekry wat veroorsaak het dat so baie minibusse rol. Die probleem lê glo by die moer wat die stuurwiel vashou.

Die dronkie staan met sy leë glas in die oorvol kroeg rond.

"Waar kan ek vul? Waar kan ek vul?" vra hy.

Die kroegman kyk hom so, en sê: "Net nie hier nie, Swaer – hier trap hulle jou vulletjie dood."

'n Man kom by die kroeg in, stap teen die muur op, al met die plafon langs en loop teen die ander muur af.

Dan gaan sit hy by die kroegtoonbank, bestel 'n dubbele brandewyn, betaal, sluk dit af en stap uit.

"Dit was baie vreemd," merk 'n vreemdeling in die kroeg op.

"Ja, nogal," beaam die kroegman. "Gewoonlik drink hy net 'n bier."



MAKERIEPAS!

Stories uit die Grensoorlog

Rooi oë, gate toe!

Deur Corinus du Toit

Dis Desember 1975 en SA troepe is diep in Angola met operasie Savanna ontplooi. Daar is 'n hewige debat in die WVO aan die gang oor Suid-Afrika wat hoog en laag sweer dat daar nie 'n enkele RSA-voet oor die grens gesit is nie. Ouers van dienspligtiges is onder die indruk dat hul seuns iewers in SWA besig is om die grens te bewaak, terwyl die regering en die CIA skynbaar besig is om te konkel oor die Angola-situasie.

Intussen het RSA troepe die vinnigste opmars in die geskiedenis van oorlogvoering gemaak (regtig) en Veggroep Orange het tot stilstand gekom by die opgeblaaide brug van Cariango.

Snags is daar geen radioverbinding nie, en so sit ek alleen met 'n Unita-troep iewers as Voorste Observasie-offisier in die maanlig Portugees en leer terwyl 'n uitgeskiete Kubaanse tenk kwalik 'n kilometer van my af herwin word en ek daar niks aan kan doen nie. "Arma, bota, chavena es vermillion" (geweer, stewel, koppie is rooi, as ek reg onthou) is van die woorde wat ek leer en tot vandag toe onthou.

So tussendeur is daar van tyd tot tyd hewige artilleriegevegte. FAPLA sluip met hul 122 mm Stalin-orrels in die nag in voorbereide stellings anderkant die rivier in en looi ons teen dagbreek. Die vuurpyle se rooi pluime wanneer dit opstyg, gee dit spoedig die naam "rooi oë".

Die artillerieswaarnemers (OP's) is in 'n goeie posisie om eerste te sien as die goed wegtrek, en die waarskuwing "Rooi oë, gate toe!" oor die radio laat almal na die loopgrawe toe haas. Daar was die dag toe vier van ons kanonne tegelykertyd in 'n vuurgeveg met so 'n Stalin-orrel, 'n klomp mortiere, asook 'n troep 122 mm kanonne was - en hulle stil geskiet het.

Een dag is die hartseer daar. Die laaste salvo van die dag land binne die artilleriesstelling. Toe die stof wegtrek, is een troep dood en verskeie ernstig beseer.

Heldedade is daar ook. Klein Hugo, 'n radiobediener, sien dat die ontploffings ladingkiste aan die brand gestek en bo-op 'n ammunisietrok gegooi het. Hy klouter op die trok, gooi dit af en met sy skraal lyfie sleepdra hy die 100 pond dooie gewig brandende kiste tot buite die kring van die kanonne.

Einste hy wat op 'n stadium sy lyf ammunisienommer hou en met twee 80 pond projekiele op sy skouers tussen 'n ammunisievoertuig en 'n kanon hardloop sodat daar op 'n stadium op 'n vlugtyd van 58 sekondes vyf projekiele soos 'n trein gelyktydig in die lug is.

Die Britse handleiding van die 5.5 duim (140 mm) kanon praat van tempo hewig as drie skote in twee minute, maar die Souties het ooglopend nog nooit van Boere-inspirasie gehoor nie.

Na hierdie insident is almal hipersensitief, dus as die radio uitgil, "Rooi oë, gate toe!", laat almal spaander. So sit Pottie as OP die dag saam met Lieb, sy radiobediener, iewers op 'n koppie en bespied die vyandelike stellings.

Toe die eerste rooi oog opstyg, stuur Lieb die waarskuwing. Artillerie-prosedure is dat alle radioberigte erken word, maar hierdie keer is daar stilte. Pottie gryp die radio en bulder self, "Rooi oë, gate toe!". Steeds stilte. Nou is die vuurpyle reeds byna by hul teiken en hy swets oor radioverbinding wat op 'n kritieke stadium faal.

Kom Hugo se stem egter oor die radio. "Luitenant, ons is lááánkal in die gate!"

Tant Bets spring in die ouetehuis se eetsaal op met haar vuis gebal in die lug en skree: "Die man wat kan raai wat ek in my hand vashou, kan vanaand met my seks hê!"

Oom Piet skree: "'n Olifant!!"

Tant Bets: "Dis naby genoeg!"



Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Ons twee vanne die maand is:

Botha bothabe@telkomsa.net

Die vooren nageslag van David Hercules Botha (1869-03-09, Oudtshoorn (oorlede Bloemfontein 1944) getroud Ladybrand 1893-08-03 met Johanna Elizabeth Vorster, Middelburg Kaap (1872-09-25) oorlede 1949 te Reitz.

Odendaal magdaodendaal@1234gmail.com

Stamvader Willem Odendaal uit Keulen Duitsland. JJH Odendaal gebore 7 Augustus 1941, oorlede 7 Augustus 2011. Vader Nicolaas Jacobus Henning Johannes gebore 12 Desember 1899 oorlede ? Moeder SMGL Odendaal (Engelbreght) gebore 23 Desember 1906, oorlede 1978/9. Hulle het op die plaas Tuinplaas op die Springbokvlakte gebly.

Ander vanne die maand geplaas: Busby, Peo, Fouche, Uys, Chapman, Erasmus en Coetzee.

Dinge waaroor niemand jou waarsku nie

Dit maak nie saak hoe groot of funksioneel jou badkamer is nie, die lig waarvan die gloeilamp ten minste een keer per jaar blaas, sit op 'n plek wat jy net met 'n leer kan bykom.

En omdat die herstelwerk "gereedskap" nodig het om gefieks te word en in die motorhuis gebêre word, is dit by verstek 'n man se werk.

Jy tree in sulke omstandighede baie vinnig op, onmiddellik nadat jy beseft het die ding het geblaas. Jy bêre 'n ekstra gloeilamp in die kas onder die wasbak en jy ruil hom self om, al moet jy met jou een voet op 'n kraan en die ander op die toilettenk se deksel staan om by te kom.

Want as jy dit nie self doen nie, gaan jy vir die volgende ses maande by kerslig bad omdat hy dit sal doen "sodra hy tyd het".

Wat hy natuurlik nie het nie, want die rugby en die braaivleis en die bier en dan is die leer agter die kar en hy gaan nie hierdie tyd van die aand die kar uit die motorhuis trek net om die leer uit te kry nie en môreoggend vergeet hy daarvan want die son skyn mos en niemand het die lig nodig nie.

Jy mag natuurlik ondergaan omstandighede die gloeilamp omruil nie, want op een of ander onverklaarbare manier is jou behoefte om by elektriese lig te bad en te grimeer 'n ondermyning van sy manlikheid.

(Ja, ek weet alles van kerslig en romantiek, maar ek weet ook hoe lyk bene wat by kerslig geskeer is. Ruil net die gloeilamp om.)

Drie ou susters woon tesame

Die drie susters, 92, 94 en 96 het saam in 'n huis gewoon.

Een aand tap die tante van 96 'n bad, sit haar voet in en huiwer. Sy skree teen die trap af:

"Was ek besig om in die bad in te klim, of was ek aan die uitklim?"

Haar suster van 94 skree terug:

"Ek weet nie. Ek sal boontoe kom en kom kyk."

Sy begin die trappe klim, stop halfpad en skree: "Was ek besig om boontoe te klim, of was ek aan die afklim?"

Die 92-jarige het by die kombuistafel gesit en tee drink terwyl sy na haar susters luister. Sy skud haar kop en sê:

"Ek hoop nie ek word ooit so verstrooid nie," en sy klop op die houttafel.

"Ek sal met die trappe opkom en julle albei help. Ek moet net eers kyk wie is by die deur."

DINK BIETJIE HIEROOR



♦Een by maak in sy lewe 'n halwe teelepel heuning.

♦Duisend bye moet 4 miljoen blomme besoek om een kilogram heuning te maak.

♦Bye is al insekte wat kos vir mense maak.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Sy moes my onthou wanneer sy na die middelste ster sou kyk, het ek gesê.

Deur **HERMAN CHARLES BOSMAN**

Toe die hout hoog op die vure gepak is, het Jan Ockerse weer gesê dat dit 'n snaakse aand was, en weer eens oor die sterre begin praat.

“Schalk, wat dink jy doen matrose op die see,” het hy gevra, “as hulle verdwaal het en nie weet waarheen nie, en as daar geen ander skepe om hulle is wat hulle kan vra nie?”

“Hulle het alles op 'n stukkie papier geskryf met 'n klomp rooi en blou daarop,” het ek geantwoord. “En daar is swart strepe wat jou die pad wys van Kaapstad af na St Helena toe. En as die skip sink, is daar syfers om jou te wys hoeveel myle diep hy in die see kan afsak. Ek het gedurende die Anglo-Boereoorlog St Helena toe gegaan.

“Op 'n skip kan jy net soos op 'n ossewa lewe. Behalwe natuurlik dat 'n skip nie so gerieflik is nie. En dit is verder om te gaan tussen uitspanplekke.”

“Ek het êrens gehoor dat matrose na die sterre kyk om te sien waarheen om te gaan,” het Jan Ockerse gesê. Ek wonder watse soort mense my sulke dinge wil vertel.”

Hy het vir 'n rukkie daar stilswygend gelê en opkyk na die sterre terwyl hy gedink het.

“Ek onthou hoe ek een aand op Annie Steyn se stoep gestaan het en met haar oor die sterre gepraat het,” het Jan Ockerse later gesê. “As gevolg van die droogte was ek op die punt om met die beeste Limpopo toe te trek. Ek het aan Annie gesê dat ek weg sou wees tot die reëns weer gekom het. Ek het haar vertel dat, elke aand terwyl ek weg was, sy na 'n sekere ster moes kyken aan my moes dink. Ek het haar gewys watter ster. Daardie drie sterre daar wat in 'n reguit ry naby mekaar lê. Sy moes my onthou wanneer sy na die middelste een sou kyk, het ek gesê.

“Maar Annie het verduidelik dat Willem Mostert, wat 'n week vantevore na die Limpopo toe getrek het, reeds die middelste ster vir haar gekies het om hom te onthou.

“O ek sien, het ek gesê, dan sal die boonste een reg wees.

“Maar Annie het gesê dat daardie een reeds aan Stoffel Brink behoort.

“Aan die einde het ek ingestem dat sy my deur die onderste ster kon onthou.

“Annie was nog besig om te sê dat sy elke aand na die onderste van die drie sterre sou kyk en aan my sou dink, toe haar pa, wat klaarblyklik agter die deur gestaan het, op die stoep uitgeklim en gesê het: ‘Wat van bewolkte aand?’ Hy't dit op 'n manier gesê wat hy gedink het 'n heel slim ding was om te sê.”

“En wat het toe gebeur?” het ek Jan Ockerse gevra.

“Annie was baie vies,” het hy geantwoord. “Sy het haar pa vertel dat hy altyd dinge bederf. Sy het hom vertel dat hy glad nie snaaks was nie, regtigwaar, veral omdat ek die derde jongkêrel was aan wie hy dieselfde ding gesê het. Sy het gesê dat dit nie saakgemaak het hoe geklik 'n jongman mog wees nie, maar dat haar pa nie die reg gehad het om sulke grappe in sy teenwoordigheid te maak nie.

“Dit was gaaf om te hoor op watter manier Annie vir my opgeklim het. Hoe ook al, wat daarna gebeur het, was 'n lang storie.

“Ek het Willem Mostert en Stoffel Brink by die Limpopo raakgeloop. En vir 'n hele aantal maande het ons bymekaargebly. Vir 'n vreemdeling moes dit 'n buitengewone gesig gewees het om elke aand drie jong mans om 'n kampvuur

te kon sien sit en opkyk na die sterre.

"Ná 'n ruk het ons goeie vriende geword, en toe die reëns gekom het, het ons drie teruggetrek Marico toe. En ek het toe uitgevind dat Annie se pa reg was. Ek bedoel aangaande die bewolkte aande.

"Aan my is later gesê dat dit juis só 'n soort van 'n nag was dat Annie met 'n bywoner weggeloo het Johannesburg toe. Hy het daar werk op die myne gaan soek."

Jan Ockerse het gesug en teruggekeer na sy gedinkery.

So terwyl ons besig was om te praat en te slaap, het die meeste van die nagtelike ure verbygeglim. Ons het net een vuur aan die brand gehou, en ek en Jan Ockerse het beurte geneem om dit met hout te stook.

Dit word baie koud net voor die dag breek, en ons altwee het gebewe van die koue.

"In elk geval," het Jan Ockerse ná 'n rukkie gesê, "nou weet jy hoekom ek geïnteresseerd is in die sterre. Ek was 'n jongman toe hierdie dinge plaasgevind het. En ek het baie min mense hiervan vertel. So sewentien sou ek sê. Die ander wou nie luister nie.

"Maar altyd op 'n helder aand, wanneer ek daardie drie sterre in 'n ry sien, kyk ek vir 'n lang ruk na die onderste ster; en die manier waarop dit skyn, lyk vir my na iets baie vriendeliks. Dit lyk na my ster, en sy lig is anders as die lig van die ander sterre ..."

Legende oor Britse kanonspanne

EEN van die baie legendariese stories wat die ronde doen is oor die kanonspanne van die Britse Leër. Een van die kompetisies tussen eenhede is om te kyk wie kan 'n kanon die vinnigste uitmekaar haal, weer aanmekaar sit en 'n skoot vuur.

Elke spanlid het 'n spesifieke rol gehad: een vir elke wiel, een vir laai, een vir vuur ensovoorts. Maar daar was altyd een man wat niks gedoen het nie, behalwe om sowat vyf tree agter die kanon stokstil op aandag te staan. Niemand het geweet hoekom nie, maar dit was die reël.

Uiteindelik is ontdek dat sy oorspronklike taak was om die perde wat die kanon sleep, vas te hou sodat hulle nie spaander as die skoot gevuur word nie. In moderne tye het gemotoriseerde transport die perde vervang, maar die ekstra man was steeds daar, soos in die handboek aangedui was.

KAMMANUUS EINDIG NIE HIER NIE!

As jy 'n PENSIOENARIS of 'n INTEKENAAR is, kan jy op hierdie skakel klik www.onsdorp.com/ekstra.html vir KAMMANUUS EKSTRA

